

Trusts is omhul deur taksmities

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek kyk vandag na trusts as 'n entiteit om jou beleggings te hou.

Die vraag wat aan my gestel is, is hoekom nie 'n trust aanbeveel vir 'n kliënt (met 'n beleggingsportefeulje van sowat R20 miljoen) nie. My teenvraag was, hoekom?

Net eers dit. Die waarde van 'n (diskresionêre) trust lê uitsluitlik daarin dat die bates nie aan 'n individu behoort nie. Eienaarskap setel in die trustee, wat dit ten behoeve van begunstigdes moet bestuur. Handel jy as 'n trustee, of die trustee in opdrag van jou, met trustbates asof dit joune is, of oefen jy beheer daaroor tot voordeel van jouself of jou boedel, het jy moeilikheid.

Kortom, trustbates is nie joune nie. Jy kan hoogstens 'n begunstigde wees.

Kom ons kyk nou na die vraag hierbo. Jy kan op twee maniere bates na 'n trust toe oordra.

Jy kan dit skenk en dan gaan jy geskenkebelasting van 20% betaal. Op R20 miljoen is dit R3 980 000 wat jy sommer dadelik vir Jan Taks gee. Dit beteken dat die trust groei van 24,84% op die belegging moet kry net om weer by die oorspronklike bedrag uit te kom.

Jy het wel die voordeel dat die geld uit jou boedel is vir boedelbelasting. Dit is op voorwaarde dat jy nie met die belegging (wat nou 'n trustbate is) gehandel het tot jou voordeel of tot voordeel van jou boedel nie. En dis baie gevra, indien nie menslik onmoontlik nie.

Jy kan ook die geld aan die trust oordra op leningsrekening. Die gedagte hier is dat jy die waarde in jou boedel beperk tot die waarde van

die leningsrekening, in dié geval die R20 miljoen. Die groei in die belegging vind buite jou boedel plaas en is dus vry van boedelbelasting.

Dit is so, maar die tesourie beplan om hierdie speletjie ook nek om te draai met die nuwe art. 7C wat na verwagting by die inkomstebelastingwet ingevoeg gaan word waarvoor ek onlangs hier geskryf het.

Nietemin, kom ons kyk verder na die belastinggevolge van die "plan".

Vir die groei om buite jou boedel plaas te vind sodat dit nie in aanmerking kom vir boedelbelasting nie, moet dit in die trust gehou word en gevolglik sal die trust die belasting daarop moet betaal. Dit is 41% op rente- en huurinkomste (teenoor tussen 18% en 41% vir individue). Op kapitaalwins - elke keer as aandele in die belegging verkoop word - is die belasting 32,8% (teenoor maksimum 16,4% vir individue). Geen vrystellings geld trusts nie.

Jy kan die groei aan begunstigdes toeken, wat dit dan belasbaar maak in die hande van die begunstigdes (teen die koers vir individue, met sekere vrystellings) en nie in die trust nie. Maar die "plan" mis 'n belangrike punt.

Daardie groei is weliswaar belastingvry in die trust, maar val weer in die boedel van die begunstigde en jy het wat boedelbelasting betref, niks bereik nie.

Beleggings in 'n trust kan 'n belastingvoordeel kry deur die belegging in 'n polis te doen (pasop net, daar is polisse en daar is polisse). Die belastingkoers in die polishouerfonds is 30% op rente en huur en 12% op KWB.

Maar ek sal voorstel dat lesers kundige raad kry voordat enige belegging in 'n trust gedoen word. Trusts is omhul deur 'n horde gewaande voordele en belastingmites.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen